

**Donderdag 23 Junie**

**Skrifgedeelte: Matteus 27:32-50; HK Sondag 16, Antwoord 44**

**Fokusgedeelte: Matteus 27:46**

### **Christus het helse smarte gely**

Christus het helse smarte verduur toe Hy tydens die drie ure se duisternis van God verlaat was en dit ook in sy vierde kruiswoord duidelik te kenne gegee het (Matt. 27:46). Die Godverlatenheid van Christus moet negatief en positief verstaan word. *Negatief* het dit daarin bestaan dat die Vader Hom in sy liefdevolle gemeenskap van Christus teruggetrek het. Hierdie terugtrekking van sy Vader het die diepste geestelike vereensaming en verskriklikste pyniging vir Hom veroorsaak. Al die gunste en gawes waarin God die mens laat deel, het die Vader Hom ontnem. Die son was weg. Hy word tot skande gemaak. Mense het teenoor Hom soos dierlike monsters geword en Hom met vreesaanjaende wreedheid mishandel en ... God het hulle nie verhinder nie, maar laat begaan. Die engele is teruggehou om Hom nie te versterk nie en die Heilige Gees het Hom nie vertrou nie.

Niemand, selfs nie die grootste goddelose, is hier op aarde so geheel van God verlate soos Christus aan die kruis was nie. Selfs oor sulke mense laat God nog sy son skyn. God gee nog aan hulle vreugde. God gee gewoonlik aan hulle krag en gesondheid sonder liggaamlike pyn. God laat hulle in die gemeenskap van mense deel. Dit alles en baie meer moes Christus mis toe die Vader Hom met sy liefde van Hom teruggetrek het. Geen mens is in staat om onder woorde te bring wat dit beteken as God sy gemeenskap en al sy seëninge geheel en al van iemand terugtrek nie. Christus het dit egter konkreet aan die kruis ervaar.

Christus se Godverlatenheid was egter nie net negatief van aard nie. Dit was nog erger. Dit was ook positief van aard. *Positief* het dit daarin bestaan dat God al sy toorn oor die sonde van die ganse mensdom op Christus uitgegiet het. God ontbind Satan vir hierdie oomblik sodat hy en al sy duiwels met al hulle woede van alle kante af op Hom aanstorm om Hom te versoek en te pynig en Hom van God te probeer losskeur.

Die Godverlatenheid van Christus na sy negatiewe en positiewe kant laat ons sien dat Hy aan die kruis werklik die smarte van die hel in ons plek verduur het. Dit word in die Kategismus verwoord as daar gepraat word van “sy onuitspreeklike ang, smarte en verskriking wat Hy ... veral aan die kruis gely het (om ons) van die helse ang en pyn (te) verlos”. Omdat Hy, selfs te midde van die helse smarte in daardie drie ure se duisternis aan God bly vashou het, het Hy vir ons oorwin.